



STAAN IN VIR DIE GEVOLGE VAN JOU BESLUIE

Deur *Jannie P. Rossouw*

Nou onlangs het ek en my vrou op die gru toneel van 'n tref-en-trap ongeluk afgekom. Iemand se lewe is geneem en die skuldige persoon was te veel van 'n lafaard om in te staan vir die gevolge van sy/haar daad.

So neem ons elke dag besluite oor ons geldsake, verhoudings, werk, opleiding en geloof. Derglike besluite kan 'n goeie of slegte uitkoms vir ons inhou. Ons het egter nodig om bereid te wees om in te staan en verantwoordelikheid te neem vir die gevolge van ons besluite.

Hier volg 6 areas in ons lewe waar besluite wat ons neem of nie neem nie, spesifieke gevolge vir ons inhou.

1. Beplanning

Besluit : Dit is nie vir my belangrik genoeg om my persoonlike- en werkslewe te beplan nie.

Gevolg : Ek sal dan moet aanvaar dat ek by ander se planne gaan inval en dat ek 'n hulpbron vir hulle word om hulle planne deur te voer.

2. Verhoudings

Besluit : Ek dink nie dit is nodig om aan my verhoudings te werk nie.

Gevolg : My verhoudingslewe kan voor my oë verbreek.

3. Geloof

Besluit : Ek het nog baie tyd om aan my geloofsoortuiging en geloofsgroei te werk.

Gevolg : Wanneer die storms van die lewe om my woed, kan ek soos

'n boot sonder anker my rigting verloor. Ek kan in my voortvarendheid op my eie krag en insig staatmaak, baiekeer met tragiese persoonlike gevolge.

4. Werk

Besluit : Ek doen die minimum om my werk te behou.

Gevolg : Ek kan moontlik oorgesien word vir bevordering en selfs ingekort word in moeilike finansiële tye.

5. Gesondheid

Besluit : Ek volhard met ongesonde gewoontes (rook, drank, middel misbruik) in teenstryd met goeie advies.

Gevolg : Ek moet weet dat my lewens kwaliteit- en verwagting nadelig geraak word.

6. Persoonlike groei- en ontwikkeling

Besluit : Ek redeneer dat ek nie nodig het om my vaardighede en kennis aan te vul nie—ek is mos reeds bekwaam vir my werk/loopbaan/sport.

Gevolg : Jy bly nie in pas met nuwe ontwikkelings binne jou vakgebied nie. Dit maak jou minder bemerkbaar, aanwendbaar en selfs kompetend.

Wat staan my te doen wanneer ek voor die kruispad van besluitneming staan?

Poog om nie reaktief op te tree nie

Reaktiewe optrede is 'n respons op 'n sekere feitstelling en is nie noodwendig 'n geskikte reaksie op 'n spesifieke situasie nie.

Indien dit enigsins moontlik is,

behoort ons altyd te poog om voorkomend op te tree, veral as die uitkoms van ons optrede negatiewe gevolge het.

Dink goed na

Oorweeg jou opsies na behore. Dink na oor die moontlike uitkoms van elke beskikbare opsie.

Dit sal jou in 'n posisie plaas om beter besluite te neem.

Moes ek al in die verlede derglike besluit neem?

Ons almal beskik oor 'n welvaart van ondervinding en vorige ervarings wat ons kan help om beter en meer ingeligte besluite in die toekoms te kan neem. Ons het werklik nie nodig om ons koppe meer as een keer te stamp nie.

Wat is die impak van my besluit?

Ek het nodig om te verstaan of my besluit net vir my of ook ander mense beïnvloed.

Verder kan my besluit die finansiële stand van my en my gesin direk raak.

Entrepreneurs trap baiekeer in hierdie slaggat. Hulle neem eensydige besluite tot voordeel van hulle besigheid, maar tot nadeel van hulle gesin.

'n Voorbeeld hiervan is wanneer hulle eensydig besluit om spaargeld wat vir 'n ander doel eenkant gesit is te gebruik om 'n nuwe sake geleentheid te finansier, sonder om die nodige huiswerk te doen.

Versamel inligting

Verkry soveel moontlik inligting sodat jy in 'n posisie is om met 'n

redelike mate van sekerheid die uitkomst en gevolge van verskillende besluite te kan voorsien.

Toets die mening van ander mense wat gepaste ondervinding het

Wees versigtig van wie jy raad aanneem—ons aanvaar baiekeer mense se raad op sigwaarde, sonder om die geldigheid van hulle opinies te toets.

Het ek alternatiewe opsies?

Ons het nodig om bewustelik alle beskikbare opsies te oorweeg, alvorens enige finale besluite geneem word.

Wat is die slegste moontlike uitkoms?

As ons nie hou van of kan saamleef met die slegste uitkoms van 'n besluit nie, het ons nodig om verder te dink aan ander, meer aanneemlike opsies.

Wat is my plan van aksie indien die slegste moontlike uitkoms realiseer?

Dit is goed om voorbereid te wees om negatiewe gevolge spoedeisend aan te spreek, al is dit net om seker te maak dat jy nie weer in 'n soortgelyke situasie beland waar jy nie die luukse het om beter besluite te neem nie.

Ten Slotte

Ons het elkeen, elke dag 'n keuse—ons kan slagoffers wees van slegte besluite of ons kan opstaan en verantwoordelikheid neem vir die besluite wat ons neem en daaruit leer om sodoende beter keuses in die toekoms te kan uitoefen.

Kopiereg Aanduiding : Hierdie dokument is die alleeneienaarskap van Bright Future Training.

Geen duplisering van enige aard word toegelaat sonder die skriftelike toestemming van Bright Future Training en die skrywer nie.